Wilgespruit
GEWORTEL, GROEI & LEWE

Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

## Wilgespruit Getuienis nuus

Ons is bevoorreg en dankbaar om ons gemeentelede en lesers op hoogte te hou van Getuienisbediening se betrokkenheid binne Wilgespruit gemeente asook sendelinge wat tans ondersteun word.

**Finansiële ondersteuning d.m.v donasies en borge:**

- Borg selgroepe gedeeltelik om broodjies op 'n weeklikse basis te voorsien aan Dr. Havenga skool.
- Borg Barmartigheidsbediening gedeeltelik vir die aankoop van brode wat tydens die Woensdag Broodjieprojek aan werkloses uitgedeel word.
- Donasies was oorbetaal aan Frontline Fellowship vir die skenking van 72 Bybels en CLF Uitgewers wat 951 Christelike litteratuur brosjures beskikbaar gestel het vir verspreiding tydens sendinggerigte uitreik geleenthede. Frontline Fellowship Ministries het ook 110 Jesus Messias boeke geskenk wat tydens kategese klasse versprei sal word.
- Tydens die 2024 Belydenisaflegging geleentheid was 18 boeke "Van Bekeerling to Volgeling" aangekoop en aan die belydende lidmate oorhandig.
- 300 Challenge koerante was aangekoop en beskikbaar gestel aan Tower of Life en Cradle of Hope wat minder bevoorregtes op ń tydelike basis huisves.

## Getuienisbediening se betrokkenheid in Wilgespruit gemeente:

- Bly steeds gereeld in kontak met sendelinge om hulle te bemoedig in hul werksaamhede.
- Neem hande met ander bedieninge om sendinggerigte projekte te borg soos nodig
- Borg kinders wat nie finansieël daartoe instaat is om Jeug kampe by te woon omrede die kampe sendinggerig is en ons die nuwe generasie wil aanspoor om ligdraers van die evangelie te wees.

## Uitnodiging!!!!

Ons glo dat dit deel is van ons roeping om ons gemeenskap te dien daar waar ons kan, soos Jesus ander gedien het. Ons benodig dringend jul insette en voorstelle om uitreike te identifiseer. Jy kan betrokke raak soos die Here jou lei of jy kan ons net kontak dmv. 'n epos te stuur aan Hans en Raylene - Kleynhjf@telkomsa.net. Ons sal behoefte bepaling doen en uitreik beplan volgens jul insette.

# SENDINGNUUS

## Jacob en Teresa Chassanda; NG Leraar Gondola Mosambiek

Deur die Here se genade gaan dit goed met Ds. Jacob en Teresa Chassanda se welstand. Ds. Jacob besoek die satelietgemeentes gereeld om lidmate en leiers te bemoedig. Ons is die Here dankbaar dat plaaslike inwoners in die vyf satelliet gemeentes steeds die Goeie Nuus vrylik ontvang en leiers as dissipels opgelei word om meelewend te wees. Ds. Jacob bied gereeld seminare, jeug en vroue konferensies aan in die vyf satelliet gemeentes om gemeentelede toe te rus en aan te moedig om op die Here te vertrou om aan hul behoeftes te voorsien.

Bid asb dat Ds. Jacob steeds die satelliet gemeentes kan besoek ten spyte van rowwe terreine wat hulle daagliks moet aandurf.

Ds. Jacob en gemeente lede is tans besig om 'n kerk vir die Amatongas (straatsmouse) wat op die Beira deurpad handel dryf te bou. Dit gaan maar moeilik om fondse bymekaar te maak om material aan te koop en bouwerk vorder stadig. Die stene wat plaaslik vervaardig word, word gereeld beskadig agv die reën en kry nie genoeg tyd om droog te word nie. Bid vir die Amatongas dat die Here hulle veilig sal bewaar ten spyte van die gevare wat hulle daagliks moet aandurf en dat hulle ń oorgawe sal maak en die Here as hul saligmaker en verlosser tydens eredienste sal aanneem.

## Kobus en Cora Viljoen: Child Evangelism Fellowship

Cora was op 9 Mei met kanker gediagnoseer waar die maag, pankreas, galbuis en dunderm bymekaar kom, groei 'n kwaadaardige gewas. Op Woensdag 10 Julie is sy opgeneem en na 'n 6 uur lange operasie was sy in die Intensiewe Sorgeenheid. Dit gaan baie goed met Cora, sy ondergaan tans chemo-behandeling ten spyte van so paar ligte newe-effekte kan Cora min of meer redelik normaal aangaan. Sy en Kobus stap ook nog elke dag ongeveer 3.5 kilometer.

Na 'n roetine ondersoek vir chroniese medikasie is Kobus na 'n kardioloog verwys. Die kardioloog het bevind dat daar are is was bloedvloei belemmer en Kobus moes angiogram behandeling ondergaan. Twee are is oopgeskiet en balonnetjies was ingeplant. Kobus ontvang steeds behandeling en sterk mooi aan.

CEF Oos- en Sentraal-Afrika het Kobus uitgenooi om van 14 - 18 Oktober daar te gaan klas gee. Dit is dieselfde vakke wat hy elke jaar by hulle Streek se CMI aanbied.

Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

Kobus se CEF literatuur-werk is tans baie besig, want baie vertalings moet geredigeer word, bestellings moet van die 16 lande gekry en verwerk word. Die boeke wat op pad is na die onderskeie lande vorder ook goed. Al die eer aan die Here wat uitkomste gee by die doeane en transport.

Ons vra ook voorbidding dat die Here die Viljoen gesin sal vul met krag in hul onstuimige seisoen wat hulle beleef en ten spyte daarvan steeds volhard om die evangelie te versprei.

## Peter Hlokwa: House of Praise

2024 has so far been a great year, few challenges yet greater harvest and growth. My family is good and healthy, the church is also growing with more people availing themselves to join in and get involved in God's work

Earlier in the year we started a broodjie ministry every Thursday Morning 9am in Krugersdorp North and we have experienced so much grace and growth. We meet, feed a group of 38-46 men each week and it has so much grown into Men support group, where each of the men have the opportunity to share their challenges and receive emotional support and prayer from other members of the group.

In August I had the privilege to be a guest at an international conference in Zambia, oh boy what a favour from the Lord to witness him work in that manner. It was five days of worship, word and fellowship with 900-1100 attendance. So many lives were changed as people gave their lives to Jesus.

Our Annual Conference also was a great success. We had amazing speakers (Jannes Labuschagne, Nick Nkosi, Jannie Pelser and Xoli Ratlabala) and ordinations on Sunday of the conference.

Thank you for journeying with us over the past years and we bless the Lord for your support and love. We always remember you in our prayers. Shalom

## Paul Hattingh: New Beginnings Ministry

Paul bedien tans drie afdelings in Krugersdorp gevangenis nl. Ongevonniste jeug, Gevonnisde mans en ongevonnisde volwasse mans. Dit is verblydend om te beleef hoe gevangenisse gretig is om te leer en te groei. Die fokus is om hoop te bring - DIE LEWE EN LIG bekend te maak - en hulle te help om DIE HERDER te hoor.

Baie van die gevangenisse wat gereeld in A blok by die groepe was is oor geplaas na ander tronke – bid asb dat die saad wat daar gesaai was vrug sal lewer na waar hulle gaan. Verder vorder die werk goed by D, O en A blok wat meestal nuwe manne in die groepe sal hê en waar Paul gaan begin met ń reeks oor die VADER SE HART.SY GELIEFDE. ALLES VIR HOM DEUR HOM EN WORD DEUR HOM GEHOU. Dankie vir die voorbidding in Paul se bediening.

## Finansiële Bydraes

Die bestuur van Getuienisbediening betuig hul opregte dank aan elke donateur wat finansieël bydra tot sendinggerigtheid, deur getrou hul Geloofsofferbelofte na te kom. U gehoorsaam daardeur Jesus se Groot Opdrag (Handelinge 1: 8), en word mede werkers aan die uitdra van die Evangelie. Die Sendelinge is afhanklik van borge en vir u gebede en ondersteuning. Daarsonder sal die verkondiging van die Evangelie en sendingwerksaamhede wêreldwyd onmoontlik wees. Die Getuienisbediening wil u as lidmaat wat nog nie die geloofsofferbelofteprogram ondersteun nie, uitnooi en aanmoedig om deelname hierin te hê. Dankie dat u die Getuienisbediening daarmee vertrou en weet dat ons net in afhanklikheid van God alleen hierdie taak aanpak! Mag dit ook vir u in u geloofs lewe versterk en bemoedig om 'n getuie te wees daar waar God reeds besig is.

**Beste Wense**

**Hans Kleynhans**

**Voorsitter: Getuienisbediening**

**2024/11/13**

## Kontak besonderhede (Hans) 081 355 1027 of (Raylene) 083 577 7995